higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

21 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

224Q1N2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Regering is die proses waarvolgens besluite geneem asook in werking gestel word.

1.2 In die 1800's en vroeë 1900's is Suid-Afrika in drie federasies verdeel.

1.3 Die Wet op Groepsgebiede van 1950 het bepaal waar 'n mens volgens ras gewoon het en het 'n einde gebring aan die meeste nedersettings waar mense van verskillende rasse vreedsaam saamgewoon het.

1.4 Vroeg in 1992 het die regering met die ANC saamgestem dat die land 'n tussentydse regering nodig gehad het wat al die mense van die land verteenwoordig en dat Suid-Afrika 'n nierassige, nieseksistiese en demokratiese land moet wees.

1.5 Die Suid-Afrikaanse parlement het die tussentydse of tradisionele Grondwet vir die oorgang aanvaar, wat op 27 April 1995 in werking sou tree.

1.6 Daar is geen wet in Suid-Afrika wat so belangrik soos die Handves van Regte is nie.

1.7 Die Handves van Regte waarborg nou mense se reg om dieselfde gehanteer te word.

1.8 Voor 'n verkiesing moet die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) die nasionale gemeenskaplike kieserslys saamstel en in stand hou.

1.9 Die Nasionale Vergadering het die bevoegdheid om die Grondwet te verander en om nuwe wetgewing goed te keur of aan te neem.

1.10 Die *Provinsiale Koerant* is nie 'n amptelike koerant van die provinsiale regering nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

staat; burgemeester; KODESA; Grondwet van 1996; OVK; ordonnansies; Naturellegrondwet van 1913; President; nasionale sfeer; Konstitusionele Hof

2.1 Die ... het bepaal dat wit mense nie toegelaat is om grond van swart mense te koop nie en omgekeerd en het die meeste swart Suid-Afrikaners die reg ontneem om grond te besit.

2.2 Die ... is die hoogste of belangrikste hof in die land.

2.3 Op 20 Desember 1991 het ... sy eerste vergadering gehou, waartydens die meeste politieke partye 'n deklarasie van voorneme onderteken het, waardeur hulle hul tot veelpartypolitiek verbind het.

2.4 Die bevoegdhede van die ... word deur die Grondwet beperk.

2.5 Die finale ... verklaar duidelik dat dit die hoogste reg van Suid-Afrika is.

2.6 Die ... moet voor enige verkiesing die nasionale gemeenskaplike kieserslys sertifiseer.

2.7 Regsvoorskrifte wat deur die provinsiale sfeer aangeneem word, staan bekend as ...

2.8 Die ... kies sy eie adjunk asook sy uitvoerende lede.

2.9 In die ... van regering mag slegs die minister, adjunkminister of 'n lid van die Nasionale Vergadering 'n Wetsontwerp by die Nasionale Vergadering indien.

2.10 In die plaaslike regeringsfeer is die hoof van die uitvoerende gesag die … .

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n woord/item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Daar is geen wet in Suid-Afrika wat belangriker as hierdie wet is nie.	A	howe
3.2	Beteken die vermoë om te doen wat jy wil sonder om deur enigiemand beheer of beperk te word	B	staatsamptenare
3.3	Beteken die reg om gelyk behandel te word sodat niemand ’n onbillike voordeel het nie	C	drie arms van die staat
3.4	Hulle moet die regte respekteer, beskerm, bevorder en nakom wat in die Handves van Regte vervat is.	D	eiendomsreg
3.5	Hulle moet almal die Handves van Regte nakom, omdat hulle na die regte van elke individu moet omsien.	E	Grondwet
3.6	Die reg om sake te besit	F	staat
3.7	Hulle bestaan uit verkose verteenwoordigers van die burgers van die land.	G	departementshoof (DH)
3.8	Die hoof van ’n provinsiale staatsdepartement	H	wetgewende gesag
3.9	Daar word van hulle verwag om openbare hulpbronne effektief en ekonomies te gebruik, en sonder diskriminasie dienste aan burgers te verskaf.	I	vryheid
3.10	Hulle moet saamwerk om te verseker dat Suid-Afrika behoorlik bestuur word en dat ontwikkeling plaasvind.	J	reg op gelykheid

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik *menseregte.* (5)

4.2 EEN van die kerndoelwitte van demokratiese regering in Suid-Afrika is inklusiwiteit. Bespreek. (6)

4.3 Die hofstelsel in Suid-Afrika bestaan uit verskeie howe. Noem SES van hulle. (6)

4.4 Bespreek die rol van 'n hof vir klein eise. (3)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

SOOS OM 'EIE DOODSERTIFIKAAT TE ONDERTEKEN'
Deur BULELEWA GININDZA

Hulle is pasiënte in 'n hospitaal, maar hulle word gedwing om op die vloer, banke of opgekrul in rolstoele te slaap. Video's en foto's van toestande by die Witbank Algemene Hospitaal in Mpumalanga is op sosiale media versprei.

'n Pasiënt het aan die *Daily Sun* gesê dat hy reeds dae lank op die vloer slaap. "Dit lyk nie asof my situasie gou gaan verbeter nie," het hy gesê. Nog 'n pasiënt het gesê: "Sodra jy hier kom, onderteken jy jou eie doodsertifikaat."

Na bewering ondervind die hospitaal ook gereelde wateronderbrekings. Gemeenskapsleier George Lukhele sê: "Hierdie hospitaal se probleme het aandag op nasionale vlak nodig, omdat die provinsiale mense nie omgee nie."

Die woordvoerder vir gesondheid, Dumisani Malamule, het gesê Witbank Hospitaal is 'n tersiêre hospitaal wat dringende spesialisdienste lewer. Volgens hom wag minder ernstige pasiënte terwyl dokters na ernstige pasiënte omsien.

"Minder ernstige pasiënte is diegene wat by plaaslike klinieke en Impungwe Hospitaal behandel kan word, maar besluit het om direk na Witbank Hospitaal te kom," het hy gesê.

[Vertaal uit: *Daily Sun,* 14 Junie 2022]

5.1 Watter hof kan die gemeenskap se saak aanhoor? (1)

5.2 Bespreek *menswaardigheid.* (4)

5.3 Die Grondwet gee aan die staat die verantwoordelikheid om bepaalde openbare dienste aan sy burgers te voorsien. Bespreek hierdie dienste. (5)

5.4 EEN van die kerndoelwitte van demokratiese regering in Suid-Afrika is responsiwiteit.

Bespreek *responsiwiteit* en gee EEN voorbeeld. (5)

5.5 Die term *tweedegenerasie-reg* word vir maatskaplike en ekonomiese regte gebruik. EEN voorbeeld van hierdie maatskaplike en ekonomiese regte is toegang tot gesondheidsorg, kos, water en bestaansekerheid. Bespreek. (7)

5.6 Bespreek *ekonomiese regte.* (3)

5.7 In sy gebied het die munisipaliteit verskeie verantwoordelikhede. Bespreek. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

Verduidelik die verskille tussen *grondwetlike, strafregtelike* en *siviele aangeleenthede*. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Copyright reserved